**As julle in My woord bly (OP224)**

**Joh 8:30-59**

**15 Junie 2025**

Laasweek het ons stil gestaan by die eerste gedeelte van Joh 8. Ons is gekonfronteer met die owerspelige vrou wat definitief skuldig was aan owerspel, en wat daarom die doodstraf verdien het. Maar, alhoewel die Here Jesus haar daad geoordeel het as sonde, het Hy haar nie veroordeel nie – want Hy het geweet dat Hy in haar plek die oordeel oor haar sonde sou dra. Dit het daartoe gelei dat ons beter kan verstaan waarom die Here Jesus daarna gesê het Hy is die Lig vir die wêreld – Hy is die Een wat lig bewerk in die donker en in sonde gevalle wêreld. Maar Hy is net die Lig vir die wat Hom volg, hulle sal die lig van die lewe hê. Om Hom te volg beteken dat ons oortuig moet wees Hy Is. Nie net beteken dit dat Hy die vervulling is van al die "Ek is"-uitsprake in Johannes nie, dit beteken veral en ten diepste dat Hy God is – immers is "Ek Is" die uitdrukking waarmee God Homself beskryf. Die Here Jesus is "Ek Is".

Vandag wil ek die res van hoofstuk 8 oordink – dit is die laaste gedeelte van die gesprek van die Here Jesus met die Jode tydens die loofhuttefees. Let op wat vers 30 sê: Na aanleiding van alles wat die Here Jesus vantevore geleer het, was daar baie van die Jode wat in die Here Jesus begin glo het. Dit is bemoedigend, is dit nie? Let nou op wat vers 31 sê: Die Here Jesus het in gesprek getree juis met die Jode wat in Hom begin glo het. Dit klink net nog meer bemoedigend, is dit nie? Maar let nou ook op wat vers 59 sê: Hierdie Jode, wat in die Here Jesus begin glo het, en met wie Hy in gesprek getree het, het teen die einde van die gesprek klippe opgetel en hulle wou Hom stenig. Dit is tragies. Hoe is dit moontlik dat mense wat in die Here Jesus begin glo het, so ontnugter word dat hulle geregverdig voel om Hom eerder te stenig? Wat is dit waarmee die Here Jesus hulle gekonfronteer het dat hulle opinie so drasties verander het? Ek wil dat ons vandag kyk na die inhoud van hierdie gesprek.

Ek is oortuig die kruks van wat die Here Jesus aan hierdie Jode gesê het, word vir ons in verse 31-32 gegee. Lees dit. Ek wil dat ons vandag dink oor die betekenis van hierdie stelling van die Here Jesus: "As julle in My woord bly, is julle waarlik My dissipels, en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak." Let op: die Here Jesus verwys onder andere na iemand wat <u>waarlik</u> Sy dissipel is. By implikasie bedoel die Here Jesus daar kan ook mense wees wat Sy dissipels is, maar hulle dink net hulle is Sy dissipels, hulle is nie waarlik Sy dissipels nie. Onthou nou, Hy is in gesprek met mense wat in Hom begin glo het, hulle was in die proses om Sy dissipels te word. En wat die Here Jesus aan hulle verduidelik is hoe 'n ware dissipel lyk – dit is tog 'n sinvolle punt om te bespreek met mense wat Hom wil volg. In die stelling van die Here Jesus lig Hy drie eienskappe van 'n ware dissipel uit: (1) 'n Ware dissipel bly in Sy woord. (2) 'n Ware dissipel ken die waarheid. En (3) 'n Ware dissipel sal deur die waarheid vry gemaak word.

Die benadering wat ek wil volg om hierdie uitdrukking van die Here Jesus te oordink is die volgende: (1) Ons moet eers ondersoek wat die Here Jesus met die terme bedoel wat Hy gebruik: Watter vryheid het die Here Jesus in gedagte? Watter woord het die Here Jesus in gedagte? Watter waarheid het Hy in gedagte? Wat beteken dit om in Sy woord te bly? (2) Nadat ons beter verstaan wat die Here Jesus met hierdie terme bedoel, wil ek kortliks die ontwikkeling van die gesprek tussen Hom en die Jode oordink. (3) Daarna wil ek oordink hoekom die Jode so ontstel geword het dat hulle geëindig het by die punt waar hulle Hom wou stenig. En natuurlik moet ons hiermee saam besin oor wat dit vir ons beteken.

<u>Wat bedoel die Here Jesus met die terme wat Hy gebruik?</u>

Die eerste term waarna ons kyk is vryheid – vers 32 sê die waarheid sal die ware dissipels vry maak. Watse vryheid moet ons in gedagte hê? Lees vers 33. Die Jode redeneer hulle is vry, hulle redeneer hulle was nog nooit iemand se slawe nie. Duidelik bedoel hulle met vryheid dat hulle nie iemand se fisiese slawe is nie. Ja, hulle was op hierdie stadium ondergeskiktes van die Romeinse regering – maar tot 'n groot mate was hulle vry om te doen wat hulle wil. Selfs godsdienstig het hulle 'n groot mate van vryheid gehad. Boonop redeneer hulle dat hulle Abraham se nageslag is – en die Here het tog duidelik aan Abraham beloof dat die land hulle land is vir ewig. Hulle is dus vry, en het die verwagting dat dit nie gaan verander nie.

Lees vers 34. Duidelik praat die Here Jesus van 'n heeltemal ander vryheid as wat die Jode in gedagte gehad het. Hy praat nie van fisiese slawerny nie waarvan hulle bevry moet word nie, Hy praat van slawerny in sonde. Die Here Jesus het in gedagte dat iemand wat sonde doen, 'n slaaf is van die sonde. Hiermee bedoel Hy nie iemand doen maar net af en toe 'n sonde doen nie, nee, Hy bedoel iemand is 'n slaaf van die sonde. Dit is deur en deur deel van wat die persoon is – nie net is die persoon skuldig aan sonde nie, sy wese is sondig – hy is 'n sondaar. En dit is die situasie met elke natuurlike mens – ook van hierdie Jode. Lees vers 35. Die Jode was onder die indruk dat hulle deel is van Abraham se nageslag, oftewel sy huis. Maar die Here Jesus sê as iemand 'n slaaf in 'n huishouding is, kan hy uitgesluit of verkoop word. En dit is die gevaar vir die Jode – hulle fisiese afstamming van Abraham maak nie dat hulle seuns van Abraham is wat geregtig is daarop om ewig deel van Abraham se huis te wees nie. Hulle kan uitgejaag word – juis omdat hulle slawe van die sonde is. Lees vers 36. Hier verduidelik die Here Jesus watter vryheid Hy in gedagte het: Hy praat van die vryheid wat Hy as die Seun van God kan bewerk. Hy bedoel dat Hy vryheid van die slawerny aan sonde kan bewerk. As Hy dus in vers 32 sê die waarheid kan 'n ware dissipel vry maak, dan bedoel Hy dat die ware dissipel vrygemaak kan word van sy slawerny in sonde – en dit is die Here Jesus wat hierdie vryheid kan bewerk.

Kom ons dink vervolgens oor watter woord die Here Jesus in gedagte het as Hy in vers 31 sê 'n ware dissipel bly in Sy woord. Soos wat mens deur die gedeelte lees, kom jy agter die Here Jesus verwys na twee "woorde". Die een stel woorde is die woorde wat Hyself spreek. Vers 38 help ons om te verstaan wat hierdie woorde is – lees vers 38. Die woorde van die Here Jesus is natuurlik die woorde wat Hy praat/leer – en die inhoud van hierdie woorde is wat Hy by Sy Vader gesien het. Die woorde van die Here Jesus is dus Sy lering, en die inhoud is dit wat die Vader aan Hom gegee het om te kom leer. Lees vers 40 – dit bevestig wat ons sopas gesê het. Let ook op dat hierdie vers spesifiek verwys na die feit dat hierdie woord wat Hy by Sy Vader gehoor het, die waarheid is. Ons sal netnou besin oor watter waarheid hierdie is.

Maar dit blyk egter ook dat benewens die woord van die Here Jesus wat Hy van Sy Vader ontvang het en wat Hy nou leer, is daar nog 'n woord waarvan ons moet kennis neem. Lees vers 44. Daar is ook die woord van die duiwel. Hierdie woord van die duiwel is egter anders as die woord wat die Here Jesus by Sy Vader gehoor het. Die woord van die duiwel is leuens, en hy vertel leuens omdat hy uit sy eie praat, en hy is die vader van die leuen. Daar is dus wesenlike verskille tussen die woorde van die Here Jesus en die woord van die duiwel. Die woord van die Here Jesus is nie Sy eie woord nie, nee, dit is die woord wat van Sy Vader kom, en dit is die waarheid. Die woord van die duiwel, daarenteen, is sy eie woord, en dit is leuens, want hy is die vader van die leuen. Dit was tog duidelik alreeds met die sondeval waar hy Eva verlei het met 'n leuen. Natuurlik is die punt van die Here Jesus duidelik: Sy ware dissipels moet in Sy woord bly wat Hy van Sy Vader ontvang het, en wat Hy nou leer. Diegene wat egter in die woord van die duiwel bly, is nie Sy dissipels nie.

Die volgende term waaroor ons moet dink, is waarheid. In vers 32 sê die Here Jesus Sy ware dissipels sal die waarheid ken, en dit is die waarheid wat hulle sal vrymaak. Watter waarheid het die Here

Jesus in gedagte? Natuurlik is daar ‘n noue verband tussen die woorde van die Here Jesus en die waarheid. In vers 40 het ons al gesien dat Hy sê dat Hy die waarheid wat Hy by God gehoor het, verkondig – en Sy verkondiging is natuurlik Sy woorde. Lees vers 45. Dit bevestig dit: Die Here Jesus se woorde is die waarheid. Die waarheid is dus die inhoud van die Here Jesus se woorde. Kom ons kyk nou na watter leringe die Here Jesus spesifiek verwys in hierdie gedeelte – dit help ons om te verstaan wat die inhoud van die waarheid is waarin die ware dissipels moet bly.

- Vers 36: Een deel van die waarheid is dat die Seun, m.a.w. die Here Jesus, die ware dissipel werklik vry kan maak, en ons weet dit beteken Hy kan so ‘n persoon werklik vry maak van die slawerny aan sonde.
- Vers 51: Nog ‘n deel van die waarheid is dat ware dissipels tot in ewigheid nie die dood sal sien nie. Natuurlik beteken dit dat ware dissipels die ewige lewe sal ontvang. Dit is die resultaat van om werklik vry te wees – ware dissipels sal nooit veroordeel word nie, hulle sal vir ewig leef. Lees vers 56. Uit hierdie vers is dit ook duidelik dat selfs Abraham al iets hiervan verstaan het, en hy het alreeds in opgewondenheid gewag op die Here Jesus se koms.
- Vers 42: Hier is nog ‘n deel van die waarheid waaraan ware dissipels moet vashou: Die Here Jesus tree nie uit Sy eie op nie. Hy is hier op aarde omdat Hy deur Sy Vader hierheen gestuur is.
- Vers 49-50: Hier is nog ‘n deel van die waarheid: Nie net is die Here Jesus deur die Vader gestuur nie, Hy tree ook op ter wille van die eer van Sy Vader, en nie ter wille van Sy eie eer nie.
- Vers 54: Hier bevestig die Here Jesus weereens dat Hy nie ter wille van Sy eie heerlikheid optree nie. Maar dit beteken nie dat Hy nie heerlikheid het nie – Hy het die heerlikheid wat die Vader aan Hom gee. Al met al moet ons raaksien: die Seun is besorgd oor die eer van die Vader, en die Vader is besorgd oor die eer van die Seun. Hulle werk in harmonie. Ware dissipels moet dit raaksien as deel van die waarheid wat die Here Jesus leer.
- Vers 58: Dit sluit aan by wat ons sopas gesien het. Die Here Jesus bevestig met die woorde “Amen, amen, Ek sê vir julle” dat Hy al van voor Abraham se geboorte is. Letterlik staan hier dat Hy al van voor Abraham se geboorte “Ek Is” is. Deel van die waarheid wat ware dissipels moet snap is dat die Here Jesus ook al van ewigheid af self God is, en Hy werk in harmonie met Sy Vader.

Kan ek opsom: Die waarheid wat ware dissipels moet ken en wat hulle sal vry maak, is die feit dat die Here Jesus hulle vry kan maak van hulle slawerny aan sonde. Die heerlike gevolg hiervan is dat hulle kan uitsien om die ewige lewe te ontvang, en hulle kan nou alreeds in opgewondenheid daarna uitsien. Die Here Jesus is juis met hierdie doel na hierdie wêreld gestuur om dit te bewerk. Die Here Jesus doen dit alles om sodoende eer vir die Vader te bewerk, en die Vader stuur die Here Jesus om sodoende eer vir die Here Jesus te bewerk. Dit is die hoogste doel met dit alles – God se eer. Ja, selfs die doel met die verlossing van die ware dissipels is dat dit moet bydra tot die eer van die Vader en die Seun. Die Vader en die Seun werk saam hieraan – immers is die Seun self ook God alreeds van ewigheid af.

Kom ons besin ook nog oor wat dit beteken as die Here Jesus in vers 31 sê: Ware dissipels moet in Sy woord <u>bly</u>. Ons weet nou wat die inhoud van hierdie woord is – dit is die waarheid wat ons sopas beskryf het. Wat beteken dit dat ware dissipels in die woord/waarheid moet bly? In die eerste plek beteken dit sekerlik dat so ‘n dissipel moet verstaan dat hy ‘n slaaf van die sonde is (v34). Dit beteken ook die dissipel moet weet dit is juis die Seun wat hom kan vrymaak van hierdie slawerny (v36). Maar dit is meer as kennis. Dit moet ook sigbaar word in wat die dissipel doen. Lees vers 39.

Ware dissipels moet werklik kinders van Abraham wees, en hulle moet die dade van Abraham doen. Watter dade van Abraham moet ons in gedagte hê? Wel daar is verskeie: Toe God vir Abraham geroep het om uit Ur te trek na die beloofde land, het Abraham die Here geglo en getrek. Toe die Here in Gen 15:5-6 'n groot nageslag belowe het, het Abraham die Here geglo en dit is vir hom tot geregtigheid gereken. Toe die Here in Gen 22 aan Abraham die opdrag gegee het om vir Isak te gaan offer, het Abraham nie sy seun teruggehou nie. Ja, dit is so, daar was tye wat Abraham gefaal het in sy vertroue op die Here, maar daar was egter deurgaans 'n vertroue op die Here by Abraham wat sy optrede bepaal het – en dit behoort ook die geval te wees met die ware dissipels van die Here Jesus. In vers 56 lees ons dat Abraham gejubel het omdat hy die koms van die Here Jesus kon sien. Heb 11:10 leer ons dat hy die stad met fondamente verwag het waarvan God self die argitek en boumeester was. Ware dissipels behoort met dieselfde opgewonde verwagting te leef. Vers 42 voeg by dat ware dissipels die Here Jesus moet liefhê, en vers 46 sê hulle moet in Hom glo. Vers 43 sê hulle moet begryp wat die Here Jesus leer en daarna luister (v47). Dit alles is kenmerke van 'n ware dissipel wat in die woord van die Here Jesus bly.

Ons leer ook hoe lyk die teendeel as iemand in die woord van die duiwel bly: Vers 37 sê so iemand laat geen ruimte vir die Here Jesus se woord nie. Nee, hulle doen die dade en die begeertes van hulle vader, die duiwel (v41, 44). Hulle wil niks met die waarheid te doen hê nie, en daarom wil hulle selfs die Here Jesus doodmaak (v37, 40) of Hom daarvan beskuldig dat Hy 'n demoon het (v48). Hulle het geen insig in die betekenis van die verbond van die Here met Abraham nie – hulle sukkel om iets meer te kan sien as net die fisiese. Hulle kan nie insien dat die nageslag van Abraham nie net 'n fisiese nageslag beteken nie (v33), hulle kan nie insien dat die Here Jesus al voor Abraham was nie, immers, redeneer hulle, was Hy nog nie eens 50 jaar oud nie (v57). Hulle het geen begrip van die openbaring van die Here God aan ons as mensdom nie.

Kom ons keer nou terug na verse 31-32. Wat die Here Jesus dus hier sê, is dat 'n ware dissipel iemand is wat in die woorde van die Here Jesus bly. Dit beteken die dissipel ken die inhoud van die woorde van die Here Jesus – hy ken dus die waarheid. Nie net ken hy dit nie, hy glo dit, en dit bepaal sy optrede – so iemand besef hy is 'n slaaf van sonde, hy weet dit is net deur die werk van die Seun dat hy vrygemaak kan word, daarom glo Hy in die Seun. Sy lewe verander en hy doen die dade wat pas by die Seun, soos Abraham. En hy leef in hierdie verwagting van die ewige lewe, waar hy self in heerlikheid sal wees – maar nog meer belangrik dit is dan dat die heerlikheid van die Vader en die Seun duidelik sal wees. Hieroor is hy opgewonde. Dit is wat hom werklik vrymaak!

<u>Die ontwikkeling van die gesprek tussen die Here Jesus en die Jode</u>

Siende dat ons nou 'n beter begrip het van die terme wat die Here Jesus gebruik het, kom ons ondersoek die ontwikkeling van die gesprek tussen die Here Jesus en die Jode. Die gesprek begin met die woorde van die Here Jesus: "As julle in My woord bly, is julle waarlik My dissipels, en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak". Die saak wat direk die aandag van die Jode trek is dat die Here Jesus suggereer hulle is nie vry nie. Dit stuit hulle teen die bors – hulle is die nageslag van Abraham, hulle is nie slawe nie, hulle is vry. Hierop reageer die Here Jesus deur vir hulle daarop te wys Hy bedoel nie hulle is fisiese slawe nie, Hy bedoel hulle (soos alle mense) is slawe van die sonde, en Hy as die Seun van God kan hulle vrymaak. En Hy bewys aan hulle dat hulle hierdie bevryding nodig het – Hy bewys dit aan hulle deur aan hulle uit te wys dit is juis hulle, die Jode, wat Hom wil doodmaak. Om dood te maak is sonde. Dit hoort nie by 'n ware dissipel nie.

In vers 38 begin die Here Jesus om aan hulle te wys hierdie optrede bewys hulle het 'n ander vader. Natuurlik is hulle verontwaardig – hulle dring daarop aan Abraham is hulle vader. Hierop reageer dit Here Jesus en sê as hulle werklik nageslag van Abraham was, sou hulle die dade van Abraham

gedoen het. Die feit dat hulle Hom wil doodmaak, bewys dat hulle nie soos Abraham optree nie, en al is hulle deel van Abraham se fisiese nageslag, is hulle nie werklik nageslag van Abraham nie. In vers 41 onderstreep die Here Jesus weer hulle doen die dade van hulle vader. Die Jode het nou gesnap Hy bedoel Abraham is nie hulle vader nie. So hulle reageer en sê hulle het een Vader, en dit is God. As Abraham dan nie hulle Vader is nie, is God die Vader hulle Vader. Maar die Here Jesus sê dit kan ook nie waar wees nie: As God die Vader werklik hulle Vader was, sou hulle Hom, dit is die Here Jesus, liefgehad het, want Hy is deur die Vader gestuur. Die realiteit is egter hulle begryp nie eens wat Hy sê nie. En dan in vers 44 sê die Here Jesus reguit vir hulle: hulle vader is nie Abraham of God die Vader nie, maar dit is die duiwel. Die duiwel is 'n mensemoordenaar – en die Jode se optrede om die Here Jesus te wil doodmaak bewys die duiwel is hulle vader. En verder is die duiwel die vader van die leuen – en hulle wil niks wat die Here Jesus leer as die waarheid aanvaar nie. Dit bewys hulle vader is die duiwel – hulle tree op soos hy.

Wel, siende dat die Here Jesus hulle daarvan beskuldig dat hulle die duiwel as vader het, draai die Jode in vers 48 die beskuldiging om – hulle beskuldig die Here Jesus dat Hy 'n demoon het. Die Here Jesus wys hulle vervolgens daarop dat dit eenvoudig nie sin maak nie: Nie net soek Hy nie Sy eie verheerliking nie, maar wel die verheerliking van Sy Vader – dit is tog nie wat demone doen nie. Boonop werk Hy sodat die ware dissipels nooit die dood sal beleef nie – siende dat die duiwel 'n mensemoordenaar is, hoe kan dit waar wees dat die Here Jesus gedryf word deur 'n demoon net om mense van die dood te spaar? Dit maak nie sin nie. Die kortsigtigheid van die Jode is verstommend: Hulle reaksie is dit bewys Hy het 'n demoon, want selfs Abraham en die profete het gesterf, hoe kan Hy beweer Hy wil mense vir ewig van die dood spaar? In vers 56 reageer die Here Jesus hierop deur aan hulle uit te wys al verstaan hulle niks hiervan nie, het Abraham dit wel verstaan, selfs al het hy al solank gelede geleef. En die rede waarom die Here Jesus weet dat dit van Abraham waar is, is omdat Hy alreeds voor Abraham "Ek Is" was. Dit is die finale strooi vir die Jode – hulle verstaan dat Hy daarmee bedoel dat Hy self God is. Dit is wat hulle laat klippe optel om Hom mee te stenig – immers is dit volgens hulle godslasterlik.

<u>Hoekom het die Jode so ontsteld geword dat hulle die Here Jesus wou stenig?</u>

Tot dusver het ons nou besin oor die inhoud van die Here Jesus se stelling in vers 31-32, en ons het ook opgelet hoe die argument tussen die Here Jesus en die Jode ontwikkel het. Ons het gesien dat die waarheid wat die Here Jesus van die Vader ontvang het en wat Hy in Sy woorde geleer het, 'n heerlike verwagting het van heerlikheid vir die Vader en die Seun waarin die ware dissipels in vreugde kan deel. Onthou verder dit was met Jode wat in die Here Jesus begin glo het wat die Here Jesus hier praat. En tog is die uiteinde dat hulle nie net hulle rug op die Here Jesus draai nie, nee, hulle wil Hom selfs stenig. Hoekom het hulle so gereageer? Wat het hulle so ontstel? Ek wil twee sake uitlig:

- Die eerste saak wat die Jode teen die bors gestuit het, was toe hulle hoor ware dissipels sal vrygemaak word. Dit het teen hulle grein ingegaan. Hulle het geredeneer hulle is vry. Immers is hulle die nageslag van Abraham, aan wie die Here groot beloftes gemaak het: die land sal hulle s'n wees, hulle sal 'n groot nasie wees, hulle sal selfs tot seën vir die nasies wees. Hulle is vry. Wat die saak erger gemaak het is dat die Here Jesus vir hulle gesê het hulle is slawe van die sonde. En wat dit nog erger gemaak het is dat Hy dit aan hulle bewys het – hulle wou Hom doodmaak – dit is sonde! En dan begin hulle om wal te gooi!

  Geliefdes, hierdie is 'n groot saak: Ons as mense is almal sondaars. Ons doen nie net af en toe sonde nie, nee, van nature is ons sondaars. Ons is slawe van die sonde. Die Jode het wal gegooi – hulle sluk dit nie. En as jy dit nie wil sluk nie, dan beteken dit ook jy het nie

behoefte om vrygemaak te word nie, en dan het jy nie die Here Jesus as Verlosser nodig nie. Dan word Hy vir jou ‘n irritasie, en jy wil van Hom ontslae raak. En as Hy boonop aan jou bewys jy is ‘n sondaar, dan draai jy heeltemal teen Hom, en probeer Hom stenig.

Kom ons doen introspeksie: Ek sal stom verbaas wees as daar iemand na hierdie preek luister wat nie weet ons is almal sondaars nie. Die vraag is egter nie of ons dit weet nie. Die vraag is of ons dit werklik glo. Die Jode het nie geglo hulle is so sleg nie – hulle is dan die nageslag van Abraham. Is dit dalk ook waar van ons? Ons is tog nie so sleg nie: Immers is ons lidmate van ‘n kerk. Immers is ons gedoop. Immers is ons van goeie afkoms: ‘n tradisionele Christelike familie, Afrikaners wat tog tradisioneel Christelik is. Al daardie argumente hou nie water nie: Is jy oortuig jy is van nature ‘n slaaf van die sonde? Kan jy bo alle redelike twyfel met integriteit aan jouself voor die Here bewys hoe jy worstel met sonde? Kan jy met integriteit bely dat jy krampagtig aan die Here Jesus vasgryp dat Hy jou werklik vry kan maak? Hierdie Jode was bereid om in die Here Jesus te glo, tot Hy vir hulle gewys het hulle is sondaars. Toe verloor hulle belangstelling. Is dit waar van jou?

- Die tweede saak is die volgende: Lees vers 43. Die Here Jesus vra: Waarom begryp die Jode eenvoudig nie wat Hy sê nie? En dan gee Hyself die antwoord: “Omdat hulle My woorde nie werklik kán hoor nie.” Hulle probleem is nie dat hulle fisies doof is nie, hulle probleem is hulle kan nie werklik hoor nie. Hulle luister, maar hulle hoor nie. Wat die Here Jesus sê maak net nie vir hulle sin nie. Let op: Hulle kán dit nie hoor nie. Hulle kán dit nie snap nie.

  Lees vers 47. Die rede waarom hulle nie werklik kan hoor en luister nie, is omdat hulle nie uit God is nie. Dit is natuurlik nie iets nuut nie. Dit is wat die Here Jesus in Joh 3 aan Nikodemus gesê het: “As iemand nie van bo gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sein nie”. Dit is wat die Here Jesus in Joh 6:37 gesê het: “Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom.” Dit is wat die Here Jesus in Joh 6:44 gesê het: “Niemand kan na My kom as die Vader, wat My gestuur het, hom nie na My toe trek nie.” – en die Vader trek hierdie mense deur hulle te onderrig. Dit is ook wat die Here Jesus in Joh 6:65 gesê het: “Niemand kan na My toe kom as dit nie deur die Vader aan hom gegee is nie.”

  Ons moet die gevolgtrekking maak dat die Vader nie hierdie Jode vir die Here Jesus gegee het nie, Hy het hulle nie getrek nie, hulle is nie van bo gebore nie, hulle is nie uit water en die Gees gebore nie – daarom kon hulle nie werklik hoor nie. Natuurlik beteken dit dat hulle nie uitverkies was nie, en daarom kon hulle nie werklik hoor nie. Natuurlik bly dit ‘n saak wat ons nie volledig kan begryp en verstaan nie. Maar een van die uitvloeisels hiervan is dat as die Here alles moet doen om iemand te red, as Hy selfs die persoon moet nader trek, dan behoort al die eer vir die persoon se redding aan die Here. En dit is die hoogste doel met ons redding.

  Die waarskuwing aan ons is egter dat hier Jode was wat begin glo het – dit het gelyk of hulle die Here Jesus wou volg. Dit het gelyk of hulle uitverkies was. Maar toe hulle gekonfronteer is met wat hulle oor hulleself en die Here Jesus moet glo, was dit duidelik daardie geloof was net voorgee, dit was nie eg nie. Ek dink julle sal saamstem dat daar in die tyd waarin ons leef baie sogenaamde kerkmense is wat iewers tydens hulle lewe hulle rug op die kerk draai. Ek is ook onder die indruk dat selfs baie van die wat steeds formeel lidmate van die kerk is, ook ernstig moet ondersoek doen of hulle werklik hoor, of hulle werklik leer as die Here onderrig. Ek wonder hieroor omdat ek die volgende sien:

- Daar is so min sprake van werklike worsteling met sonde – hetsy persoonlike sonde, sonde in die kerk, of sonde in die samelewing.
- Daar is so min begeerte om die woorde van die Here Jesus in diepte te begryp, daar is so min begeerte om die diepgaande waarheid aangaande die Here Jesus te bestudeer.
- Daar is soveel formalisme wanneer dit kom by sake soos belydenis van geloof of deelname aan die sakramente.
- Daar is dikwels net 'n fokus op wat ek uit 'n erediens kan put, en so min fokus op wat ek in die erediens moet bydra om die Here te verheerlik. 'n Mens wonder soms of die doel van die erediens eerder diens aan die mens is as diens aan God.

En so kan mens voortgaan. Natuurlik kan ons nie manipuleer wie deur die Here getrek word, en wie nie. Maar ek dink tog ons moet seker maak dat daar nie iemand in ons midde is wat valslik onder die indruk is dat hy 'n ware dissipel van die Here Jesus is, terwyl dit nie die geval is nie. Dit is nodig dat die persoon bewus moet wees of hy in die Here Jesus se woord bly, of hy die waarheid ken, en of hy werklik vrygemaak is. Die Here Jesus het hierdie Jode gekonfronteer. Ons behoort ook.

Ons redeneer dikwels dit is onregverdig dat die Here nie almal nader trek nie – so al asof mense verlore gaan wat eerder gered sou wou wees en ware dissipels wou wees. Ek is oortuig dat as iemand werklik 'n ware dissipels van die Here wil wees, is dit reeds 'n aanduiding dat die Heilige Gees in die persoon aan die werk is, en ons kan die werk van die Heilige Gees aanvul deur so 'n persoon aan te spoor. Die Heilige Gees sal dan ook daardie persoon 'n ware dissipel maak.